# Lesing 22.03.2018 - DEEL 5 - Israel en Jerusalem se einde

***Groot Johannes Evangelie - Boek 7 - Hoofstuk 48 vervolg***

[7] Na My woorde gaan elkeen die huis binne, waar die groot eetsaal nog baie goed verlig was.

[8] Toe Ons gou weer in goeie orde in die saal aan Ons tafels sit en Lasarus en Nikodemus langs My plaasneem, word daar aan alle tafels oorvloedig wyn en brood gebring en Ek raai almal aan om `n klein versterking vir hulle te neem. Almal neem nou brood en wyn en eet en drink welgemoed.

[9] Nadat Ons Onsself versterk het, bekyk ons Nikodemus die verskillende gaste aan die tafels `n bietjie beter, sien die sewe tempeldienaars, wat met die slawehandelaars aan `n kleiner tafel sit en sê ietwat verleë aan My: "Meester, daar sien ek tempelpriesters, wat ek maar al te goed ken! Hoe kom hulle hier? Sal hulle ons nie verraai nie? Kan mens hulle wel vertrou?"

[10] Ek sê: "Vriend, diegene wat eenmaal by My is, het met die tempel daar benede niks meer te doen nie! Hulle was deur die tempel vermom hierheen gestuur om My en My doen en late na te gaan, maar hulle het die waarheid herken en het die tempel vir altyd verlaat. Oor `n paar dae sal hulle, saam met nog `n aantal ander, met die hoë Romeine daar, na Rome reis en daar onderdak vind, jy hoef dus van niemand te vrees dat hy jou miskien sou verraai omdat jy hier is nie; daarom kan jy nou wel volkome gerus wees."

[11] Nikodemus bedank My vir hierdie uitleg, gryp nog `n stuk brood, eet dit onbesorg op en neem daarna die beker met wyn en drink dit heeltemal leeg.

[12] Nadat Nikodemus homself ook heeltemal versterk het, sê hy aan My: "Majesteit en Meester, omdat alles nou rustig is en U belowe het om ons in kort `n lig te gee oor die verskynsels wat hom vandag op wonderbaarlike wyse voorgedoen het, wil ek U wil vra om nou U belofte te vervul!"

[13] Ek sê: "Dit sal Ek ook doen, maar as Ek uitgepraat is daaroor, moet jy My verder niks meer daaroor vra nie, maar dan moet elkeen vir homself oor die gebeure nadink, dan sal dit vir sy siel nuttiger wees as `n langdurige gevraery! Luister dus!"

Die Meester lê die ligverskynsel uit

50 (Die Meester): "Die twaalf vuurpilare in die ooste stel werklik die twaalf stamme van Israel voor, en die sterk middelste stam was Juda, die buitenste twee was Benjamin en Levi. Deur die verskillende gebeurtenisse smelt die twaalf stamme saam tot die laaste een stam van Juda, en dit is Ek, wat gekom het om alle ander stamme in My, die enigste ware stam van Juda, te verenig, sodat hulle almal in My net so één sal word, soos wat Ek en die Vader in die hemel volkome één is van ewigheid tot ewigheid.

[2] Toe julle die sewe pilare gesien het, sien julle in sekere sin die sewe geeste van Elohim, wat reeds aan julle bekend is, en toe dit later drie word, sien julle in Benjamin die Seun, in Levi die Gees en in die middel Juda as die Vader. En sien: Vader, Seun en Gees word één, was van ewigheid één en sal ook ewig één bly! En hierdie Ene is ook Ekself, en wie My woord hoor en daarvolgens leef handel, sal ook één wees met My en in My. Hy sal netsoos Ek opvaar na die hemel van Elohim en in My die ewige lewe hê. Dit is baie kortliks die volkome ware betekenis van die eerste verskynsel.

[3] Wat die tweede verskynsel betref, dit laat die volle maat sien van die gruwelike sonde van die volk, wat nou tydens die klaarligte dag wat oor hulle opgegaan het, tog in volkome duisternis wandel en ook wil bly wandel. En daarom sal hulle die vrugte oes volgens hulle dade, en wel binne die tyd wat Ek jou, vriend, reeds buite bekend gemaak het, naamlik oor veertig of vyftig jaar, en Ek gee daar nog `n ekstra termyn van hoogstens tien en sewe jaar by, waarin Ek nog geduld sal hê; dan sal dit egter ook vir alle tye van die tye heeltemal uit wees met die volk. En dit sê Ek vir julle: Hierdie aarde en hierdie sigbare hemel sal vergaan, en voos en broos word soos `n ou kleed, maar hierdie woorde van My sal vervul word en in ewigheid nooit vergaan nie!

[4] Want Ek is die Meester. Wie wil met My twis en met lanse en swaarde teen My optrek?! Ja, ook dit sal hulle nog doen, en My liggaam sal weliswaar die dood vind aan die kruis, maar dit sal hulle maat juis vol maak en hulle ondergang onherroeplik verseël. Want die blindheid wil heers en haar Elohim dood. En dit sal sy binne nie al te lang tyd doen, en ook sal hierdie gruweldaad toegelaat word, sodat haar ondergang vir alle tye van die tye volkome seker en onafwendbaar sal word. Maar wat vir die volk die ondergang sal wees, sal vir julle dien tot die grootste heil en die volmaaktste verwerwing van die ewige lewe.

[5] Maak julle egter nie besorg daaroor, noudat Ek dit vooraf vir julle gesê het nie, want die kwade gebroedsel daar benede kan wel My liggaam dood, maar nie Hom, wat in My leef en ewig werk en skep en orden nie. Maar Ek sal ook die liggaam waarlik nie in die graf laat nie, want reeds op die derde dag sal Ek ook die liggaam weer opwek en Ek sal dan weer tot aan die einde van die tye met diegene omgaan wat in My sal glo, My sal liefhê en hulle aan My woord sal hou. En julle, My broers, sal My kan sien en net so met My kan praat soos nou, terwyl Ek in die nog nie verheerlikte liggaam te midde van julle verkeer.

[6] As julle dit alles goed oordink, sal julle almal insien dat daar vir die tweede treurige verskynsel `n aanwysbare rede is. Maar laat niemand van julle sê: "Meester, dit sou U wel met U almag kan verander!" of: "Wat sou U anders kan doen!" Want waarlik, Ek sê vir julle dat Ek nou al die alleruiterste doen wat My ewige en hoogste goddelike Wysheid My aangee, en tog help dit die volk daar benede niks meer nie, want hulle is deur hulle eie, onnoemlike boosheid so verstok, dat ook Elohim se mag dit nie meer kan help nie.